

Les 29

Teks: Johannes 11: 1 - 57

1. Inleiding

Ons fokus vandag op Johannes 11 en daar is natuurlik 'n bekende naam waaraan ons dink wanneer ons aan Johannes 11 dink. Hierdie naam is Lasarus. En dit is wyd bekend aan mense binne en buite die geloof. Daar is selfs verskynsels waarna verwys word as die Lasarus effek. Hierdie verskynsels hou verband met iets wat dood was en weer lewend geword het.

Ook in die wêreld van elektronika wanneer 'n halfgeleierelemente met bestraling in aanraking kom, "sterf dit", aangesien dit ophou om op te tree op 'n manier wat van hom verwag word. As die dooie halfgeleier egter op baie lae temperatuur gebring, word dit weer lewendig en tree dit op soos 'n "werkende" halfgeleier. Dit word ook 'n Lazarus-effek genoem in halfgeleiers.

Maar dan is daar ook die die kritici teenoor die Bybel. En Kritici het altyd 'n appeltjie te skil met al die wonderwerke in die Bybel. Daarna kyk ons in punt 2. Verder moet ons ook die wonderwerke van die Here interpreteer in punt 3 en in konteks plaas in punt 4.

2. Aan die slaap of dood

Een manier waarop kritici hierdie gedeelte aanpak is die bewering dat Lasarus maar net geslaap het. In vers 11 is dit immers ook presies Jesus se woorde. Maar as ons na die woordkeuse van Christus kyk word iets al klaar vir ons duidelik. Jesus gebruik die griekse woord κοιμάομαι (*koimaomai*), in plaas van die meer gewilde καθεύδω **kathēudō** wat gebruik word vir gewone slaap.

Maar medies gesproke wat het die mense in die leefwêreld van Johannes geweet? Was Lasarus werklik Biologies dood. Of was hy maar net klinies dood, met geen tekens van lewe nie. En is hy dan later eintlik net bygebring deur Jesus. Soos wat duisende mense daaglik in die moderne mediese wetenskap deurgaen.

Die laaste stukkie legkaart is Martha se oortuiging dat Lasarus al begin ontbind het in vers 39. Maar natuurlik dan ook die waarneming in vers 44 dat Lasarus glad nie ontbind het het nie. Hoe lyk 'n opgestane liggaam? Die Here Jesus het steeds die gate in Sy hande en voete gehad.

3. Die opstanding en die lewe

Die volgende probleem is teologies van aard. Dit behels die opstanding en ons siening daarvan. Ons weet dat al Christus se wonderwerke 'n boodskap vir ons het. Verder het ons al gereeld in hierdie studie verwyse na die jode se aardse interpretasie van Jesus se woorde en dade. En dit bring ons by die probleem met Lasarus, selfs al bely ons dat hy werklik uit 'n fisiese dood opgestaan het.

Die probleem is dat Lasarus aards, in hierdie natuur opgestaan het. En dat Lasarus tog maar weer moes sterf. En die opstanding wat Christus in die bekende "ek is" in vers 25 verkondig is tog die opstanding in die ewige lewe in die hemel. Martha en die mense om haar glo tog ook hierin volgens vers 24. So daarom die vraag watter boodskap dra Christus aan ons oor met die opwekking van Lasarus terug na sy gewone aardse lewe?

4. Rykdom en armoede

Wanneer moderne mense rakelings verby die dood beweeg, hoor ons dikwels dat hulle bonatuurlike ervarings deurgaen. Of die nou fisies as gevolg van 'n tekort aan suurstof tot die brein is, of medikasie ons hoor steeds dat dit gebeur. En daarom is daar mense wat iets van die

betekenis van Lasarus se dood koppel aan die gelykenis in Lukas 16:19 - 31. In beide gedeeltes wat die naam Lasarus gebruik.

Die probleem wat daar egter is, is met ryk en arm. In Johannes 11 is Lasarus, Marta en Maria arm mense. Maar hulle is steeds nie vol swere voor die poort lê arm nie. Maria het iewers 'n fles vol kosbare reukolie, waarmee sy vir Christus salf. Is dit werklik dieselfde Lasarus?

5. Teks met teks vergelykings

1. Matteus 28:13
2. Lukas 16: 19 - 31
3. Johannes 12: 3 - 5

6. Vrae

1. Was Lasarus regtig dood?
2. Hoe lyk 'n opgestane liggaam van 'n gelowige?
3. Wat bely ons onder "Opgestaan uit die dood" in ons geloofbelydenis sondae?
4. Watter waarheid word vir ons geopenbaar in die opwekking van Lasarus?
5. Wat is Lukas 16:19 - 32, en wat is die doel daarvan?

7. Bronne

The Expository Times Volume: 104 issue: 6, page(s): 169-173 Issue published: March 1, 1993: Lazarus of Bethany Resurrection or Resuscitation? by Donald J. Bretherton